# DEEL B.

## HOOFSAAKLIK BEREDENEREND.

# HOOFSTUK VI.

## KERK EN SKOOL - DIE FILOSOFIESE BENADERING.

**INLEIDING:**

In hierdie paragraaf behandel ons die verhouding tussen skool en kerk soos dit betrekking het op alle volke en tye. In die volgende paragraaf beskryf ons die spesifieke verhouding in Suid-Afrika gedurende die eerste helfte van die neëntiende eeu en in paragraaf drie volg ons die verandere verhoudinge tot moderne type. In paragraaf vier bespreek ons die moderne verhoudinge en kritiseer dit in die lig van wat Suid-Afrika se behoeftes is.

### 1. KERK EN SKOOL SE NATUURLIKE VERWANTSKAP.

Die kerk stel hom ten doel die vorming van goeie burgers vir die koninkryk van God, 'n Koninkryk waarvan die uiterlike organisasie in die samelewing gerig word deur 'n innerlike broederlike samehorigheidsgevoel in God die Vader. Hierdie Christelike godsdiens is innerlik geestelik gebasseer op die grondbeginsel: dat ek God bo alles sal liefhê en my naaste soos myself. In die praktyk word dit in die samelewing gesublimeer tot: Ek is my broer se wagter, want ek is gehoorsaam aan God die liefdevolle Vader.

Die skool is nie outonoom nie en in hul strewe om mense van 'n sekere tipe te kweek, kan hy óf deur die staat óf deur die kerk óf deur albei saam gebruik word om 'n burger te vorm soos óf die staat óf die kerk hom wil hê, óf 'n gebalanseerde mens wat die Christelike en die nasionale in die eenheid van sy wese saamsmelt.

Vandag word die skool deur die nasiestaat gemonopoliseer teneinde 'n staatsburger te kweek, wat met sy veelsydige ontwikkeling sy plek kan volstaan in al die menigvuldige instellings van die staat. Sy verpligtings op kulturele, siviele en industriële gebied moet in 'n gees van vaderlandsliefde nagekom word.

Desnieteenstaande vul die kerk en die materialisties geworde vaardigheid- of kennisskool mekaar nog aan. Die geeskragtige sedelike beginsels van die kerk en die materialistiese vaardigheid van die ontaarde skool, sal mekaar tog opsoek en vind in die siel van die kind, want in die entiteit van die siel van die mens is daar 'n middelpuntsoekende mag wat samehorighede saamsmelt,

wat steeds soek om wat onvolledig is aan te vul. Dis om die aanwesigheid van hierdie sielkundige waarheid, dat die godloënde kommunisme nie langs die kerk kan bestaan nie en laasgenoemde eers verwyder moet word.

KERK EN SKOOL EN DIE VRYHEID.

Die lewe en strewe van die mens is 'n vrywordingsproses, [1] 'n beweging weg van die dierlike in hom en nader aan die goddelike in hom; van slawerny aan tot heerskappy oor sy natuurlike dierlike luste; van die toevallige onvolmakte ego tot die ideale of ware ego - die mens as beelddraer van God. Vryheid is die gehoorsaamheid aan jou hoogste self.

Die kerk glo dat hierdie hoogste vryheid alleen verkry kan word as ons diensknegte is van die allerhoogste God. Maar hy woon binne- in die hart van die Christen in volkome harmonie en hy gehoorsaam dus geen eksterne mag nie: hy is vry: "Alleen wie self voor God en met God in gemeenschap staat, kan met glansend wiekgeklap de vleugelen der vryheid uitslaan." [2]

Maar die hoogste goed is nie bloot, soos Spinoza sê: "Die intellektuele liefde tot God" nie: dis nie so'n kontemplatiewe toestand nie, maar die verhewe lewe in, swoeg vir, bou aan en verheffing van die gemeenskap in die liefdediens van God. En dis juis omdat die beste lewe 'n praktiese saak, 'n stryd is, dat die skool se aandeel so onontbeerlik is. Die doel van die skool is die ontwikkeling van die hele kind om die opvoedeling te help om beter te lewe ook m.b.t. die ekonomiese stryd om te bestaan en maatskaplike verpligtinge. Die kerk lê hom meer besonder toe op die godsdienstige aspek van die ontwikkeling van die hele kind, terwyl die skool hom meer in die besonder vir die lewe voorberei, want mens kan die hoër vryheid beswaarlik bekom as hy in die ekonomiese stryd 'n slaaf is. [3] Maar die Calvinisme is 'n "geleerde", 'n boekgodsdiens. Die mens, sê Bavinck, wat van alle opvoeding verstoke is, is 'n vloek vir homself, 'n skande vir sy familie, 'n dooie gewig op die gemeenskap en 'n oneer voor God. [4]

1). Blamires: Repair the Ruins, 161
2). Dr Kuyper: Het Calvinisme, 42; Rombouts, 3-5,
3). Coetzee: Verarming en Oorheersing, 46 et seq.
4). Bavinck: Pedagogische Beginselen, 13; Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 139.

Die kerk het die skool nodig. Later word bespreek hoe die skool sonder godsdiens nie die "hele" kind opvoed nie, omdat godsdiens in sy wese is, deel uitmaak van sy geestelike erflike samestelling. Siedaar hoe kerk en skool mekaar aanvul, hoe die tweeheid tot eenheid saamsmelt en die entiteit van die kind se siel.

Hoewel daar dus 'n hegte verwantskap tussen kerk en skool is en hoewel hul in die lewe van die hele Afrikaner mekaar aanvul, is en kan die twee instellings nooit één word nie. [1] Die Calvinistiese leer van soewereiniteit in eie kring druis direk teen so'n samesmelting in, terwyl die kerk voortdurend wys op die pligte van die staat en die gesin t.o.v. die opvoeding. Hierdie saak word elders vollediger behandel en ons volstaan hier met 'n aanhaling uit "Koers in die Krisis": "En tog moet ons baie duidelik handhaaf die wesensgrense tussen kerk en skool. Hulle is twee selfstandige instellinge wat uit die aard van die saak geen oorspronklike verband het nie. Die kerk het opgekom uit die besondere genade, en het 'n baie bepaalde roeping. Die skool daarenteen, dra 'n ander karakter: dit is 'n vrug van die algemene genade; dit behoort tot die gebied van die skepping en kom uit die gesinslewe op as aanvulling daarvan. Dit dra dan ook 'n meer maatskaplike karakter as die kerk, en is eintlik 'n aanvulling van die huis na die maatskaplike kant. Verder het dit ook nie die streng godsdienstige doel van die kerk nie, maar voed die kind op meer vir die volle lewe. Tussen kerk en skool is daar dus 'n duidelike grens: albei is selfstandige instellinge." [1]

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE VERHOUDING KERK-SKOOL, VERAL IN SUID-AFRIKA.

Hierdie enge verwantskap tussen kerk en skool het vroeër baie duideliker geblyk as vandag. In verreweg die meeste lande het onderwys by die kerk begin en is soms vir eeue uitsluitlik deur hom waargeneem. Van die toestand in Engeland sê Cowper-Temple in die Britse Laerhuis: "In England popular education originated with no statesman, and was nurtured for no political end. It sprang from the action of the Church and the philanthropy of individuals." [2]

Dat die kerk die voortou geneem het, het voortgevloei uit die volgende geskiedkundige feite:

(a) Die Protestantisme het die onderwys bevorder. Dit het hom ten doel gestel om die Bybel aan elkeen in sy eie taal te verskaf. Die Woord van God moet deur elkeen persoonlik ondersoek word en daartoe was letteronderrig nodig. Die Reformasie het dus tot gevolg gehad dat duisende kerkskole ontstaan het, waarin daar o.a. geleer moes word om te lees en te skryf: "Die moderne laerskool in Europa het feitlik sy ontstaan aan die protestantisme te danke." 3)

Die Christelike doel van die opvoeding was dan ook in S.A. tot laat in die neëntiende eeu, veral op die platteland, hoofsaak. "Their devotion to their Church gave a value to education and a desire for it, which would scarcely otherwise have existed". 4) "It is directly due to the zeal and efforts of the Dutch Reformed Church that these people did not grow up altogether destitute of education." 5) "He (Retief) laid stress on the importance of a Christian education to qualify for membership of the Dutch Reformed Church." 6)

(b) Groter eenvoud in vergelyking met die ingewikkelde en veeleisende maatskaplike toestande van vandag, het ook daartoe bygedra om kerk en skool nader aan mekaar te bring: in die godsdiens was daar veel minder strominge. In S.A. was daar, veral tot die koms van die Engelse, groot eenvormigheid op kerklike gebied. Dit het stabiliteit van opvoedingsbeleid en, nietteenstaande die aangematigde oorheersing van die kerk deur die staat, kragtige gesaghebbende optrede in die hand gewerk. Die staat kon deur een of twee kanale met die kerk onderhandel. Later, met die ontstaan van verskeie kerke, sektes en sending-genootskappe, het die staat hulle minder en minder geraadpleeg.

1). Koers in die Krisis: Coetzee: Die Skool en die Huis, die Kerk en die Staat, 327.
2). Brown: The Church's Part in Education , op die voorblad. Coetzee: Opvoedkundige Teorie en Praktyk, 143; Coetzee: Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 95. Braley: A Policy in Religious Education, 138.
3). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 14; Greyling: Godsdiensonderwys - in die Kerk, 143 et seq.
4). Education Commission Report 1863, V11.
5). Malherbe: Education in S.A., 45.
6). Ibid., 182.

Daar was dan ook vroeër minder instellinge in die eenvoudige samelewing, sodat die ekonomiese en sosiale stryd veel makliker was. [1] Onder die massas was daar nie alleen veel minder geleerdheid nie, maar daar was werklik veel minder behoefte daaraan. Waar die strewe vandag is om van elke burger 'n nuttige kultuurmens te maak, wat hom kan laat geld in die menigvuldige instellings van die samelewing, is 'n deeglike geleerdheid eenvoudig 'n onontbeerlike vereiste. Slegs 'n eeu gelede was die toestand veel anders, veral in S.A. en dan veral op die platteland, waar die veeboere 'n luilekker bestaan kon maak. Meer geleerdheid as wat nodig was vir die beoefening van hul godsdienstige pligte, was vir hulle betreklik nutteloos. Daar was eenvoudig uiters min aanvraag vir geleerdes en geleerdheid van 'n weelde-artikel. In die verslag van die Kommissie van Omgang lees ons van die toestand aan die begin van die neëntiende eeu: "There is in fact no other way or prospect for the young people than the easy livelihood of breeding cattle". [2]

Die leerplan was uiters eenvoudig. Ons het reeds gesien hoe dit veral in die binnelande hoofsaaklik of uitsluitlik i.v.m. godsdiens gestaan het. Die toestand in die streke waarvandaan die Voortrekkers getrek het, was in hoofsaak nog dieselfde as wat Malherbe van hulle skryf: "..... their ideas on education would, therefore be very similar to those prevailing in the early years of the Cape: Church and school formed part of one institution. All education was religious education." [3] Hierdie toestand het in die binneland van S.A., met die gewone afwykinge volgens plek en tyd, ongeveer twee eeue geduur. "In die afgeleë dele van die land het hierdie type van onderwys precies net soos dit in die sewentiende eeu was, voortgeduur tot selfs later as 'n generasie gelede." [4] Die kerklike invloed het die onder-

1). Blamires: Repair the Ruins, 19.
2). Records IX, 299; V.d. Merwe: Die Trekboer, 176.
3). Malherbe: Education in S.A. 182.
4). Ibid., 17 et seq; Eeufees Album, Ned Herv. Kerk van S.A. 1842-1942, 7.

wys stabiliserend beïnvloed.

Die patriargale stelsel met sy ekonomiese selfgenoegsaamheid het 'n baie skerp teenstelling gevorm met die hedendaagse gejaagdheid op nywerheids- en handelsgebied. Mens kan beswaarlik praat van die destydse veeboer se "stryd" om bestaan. In sy eenvoudige bestaan het die boer geen weelde-artikels nodig gehad nie. Van fabrieke was daar weinig of geen sprake nie; van 'n beroep vir sy kinders geen keuse nie. Vir sy werk op aarde was daar vir die kind geen voorbereiding nodig nie: die seun het in die skool van praktiese boerdery grootgeword; die dogter aan die moeder haar sy. 1) Al wat oorgebly het was die voorbereiding vir die hiernamaals en daartoe was die onderwys onontbeerlik. Die Calvinistiese kerk stel hoë eise aan sy aspirant-lidmate. "Waar geen meester beskikbaar was nie, het die ouers self onderwys gegee, want sonder lees en skryf kon mens moeilik lidmaat van die kerk word. Hierdie weigering van die kerk om persone aan te neem wat nie kan lees en skryf nie, het die Afrikaner van onalfabetisme gered." 2) Die kerk het selfs soms verder gegaan en geweier om diegene aan te neem wat nie by goedgekeurde meesters onderwys ontvang het nie.

Van die instellings wat in hierdie tyd bestaan het, het die kerk bo almal uitgetreon, net soos die kerktoring bo 'n binnelandse dorpie, en die skool, hoewel teoreties nie direk onder sy beheer nie, was in sy diens.

Dit dan, is kortliks die sosiale toestande wat die verhouding kerk-skool bepaal het.

(c) Vir die N.O.K., 'n maatskappy wat hom beywer het vir finansiële winste, was die Kaap 'n bron van uitgawe - 'n las en 'n oorlas. Die koloniste se geestelike en kulturele belange is skreiend verwaarloos. Daar was geen klinkende munt uit te slaan nie. 3) Dat die kerk dus die las op sy skouers sou neem, het pragtig ingepas in die planne van Here Meesters. Hul onderwys-

1). V.d. Merwe: Die Trekboer, 183, 185, 205, 206, 211;
- Theal: Belangrike Historische Dokumenten 111, 426.
2). Venter: Die Verband tussen Kerk en Skool in S.A., 10.
3). Galpin: There are no South-Africans, 10.

verpligtinge is op die kerk afgeskuif. "Wanneer nou in aanmerking geneem word dat die kerk, tenminste vir sover dit die Afrikaanssprekende gedeelte van die bevolking aanbetref, sedert die begin van die volkplanting aan die Kaap tot 1805 feitlik die uitvoerder van die onderwysbeleid van die regering was, kan die bydrae van die N.G. Kerk op onderwysgebied nie ligtelik oorskat word nie. Daarby het die kerk hom nie alleen verantwoordelik gestel vir die uitvoering van die beleid nie, maar ook vir die uitbreiding daarvan onder die Afrikaanssprekende volkselement." 1)

Ook moes die kerk noodgedwonge en teen sy eie beleid in, (want die Calvinisme verwag dat die staat die vernaamste deel van die finansiële las van onderwys sal dra), 2) 'n groot deel van sy fondse vir onderwys afstaan vir die opvoeding van sy lidmate. Om te bespaar, is die ampte van koster en meester dikwels verbind, 'n beleid wat ook veral daartoe bygedra het om die twee instellinge nader aanmekaar te bring.

(d) Ten slotte moet daar nog melding gemaak word van die feit dat die lewens- en wêreldbeskouing van destyds daartoe bygedra het om die verhouding kerk-skool te verinnig. Die wetenskap, (ons dink aan die sielkunde veral), en die filosofie het dit bevorder of ten minste nie gedwarsboom nie. Hierdie dinge beïnvloed die opvoeding ten sterkste: "... want daar is die allernouste verband tussen die ontwikkeling van die opvoeding en van die lewens- en wêreldbeskouing van die mens oor en in alle tye." 3) Aangesien hierdie saak op die volgende bladsye duideliker sal word, is 'n verder bespreking hier oorbodig.

Die verlede lei in die volgende paragraaf tot die hede: Daar het 'n omwenteling plaasgevind.

## 3. DIE VERANDERDE VERHOUDING KERK-SKOOL IN DIE MODERNE TYD.

Die veranderinge wat die volk op elke terrein van die samelewing getref het, was geweldig: van eenvoudige tot uiters ingewikkelde ekonomiese, industriële en sosiale betrekkings; van eenvormiger tot veelvormiger godsdienstige rigtings; van weinig staatsbemoeiing met, tot algehele

1). Greyling.: Die N.G. Kerk en die Armsog, 4.
2). Graves: A Student's History of Education, 144.
3). Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 7.

staatskontrole oor die onderwys; van 'n tyd van godsdienstige verdieping tot 'n tyd van materialistiese afvalligheid; van die ou tot die nuwe sielkunde, filosofie, wetenskap, wêreld- en lewensbeskouing; van patriargale selfversorging tot 'n ingewikkelde industriële en handelstelsel; van 'n toestand van "laissez faire" tot een van verregaande staatsbemoeiing.

(a) Hierdie oorgangstydperk was een van veeleisende aanpassing. Wie agtergebly het - en hulle was vry om agter te bly, het hul goed en .... hul moed verloor: Die Armblanke-vraagstuk was daar.[1)] Die owerheid was konserwatief en het nie tred gehou met die veranderende toestande nie en veral die aanpassing van die onderwysstelsel het baie sleepvoetend agterna gekom.

Dat juis die kerk onder hierdie omstandighede die voortou sou neem, val nie moeilik te verstaan nie. Hy het nooit sy belangstelling in sy lidmate uitsluitlik tot die geestelike beperk nie; die geestelike kan tog immers nie geïsoleer word nie. Die leraars van die N.G. Kerk het met weinig uitsondering bokant die hoogste siviele amptenare uitgetroon, beide wat bekwaamheid en kennis van die behoeftes van die volk betref het. "Again the ministers of the Church are in the position to study eductional needs in a disinterested way. They know the nature and requirements of the people; they are not necessarily concerned with ulterior interests, and they are, as a rule, in daily contact with the working of the educational machinery." [2)]

Die kerk het besef dat onderwys in 'n groot mate kon dien as teenvoeter teen die verarming, veral van die deel van die armblankes wat dom-konserwatief was of wat geweier het om "kafferwerk" te doen. [3)] Die onderwys moes help om die Afrikaner in die geleentheid te stel om sy plek vol te staan in die nywerheidswêreld en om sodoende 'n selfstandige lewensbestaan te kon maak. "Die onderwys word al meer en meer, selfs deur die gewone man beskou, as die aangewese voorbehoedmiddel teen die proses van verarming wat sulke groot afmetings begin aan te neem. Van die skool word al meer verwag dat dit

1). Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, 432-434; Galpin: There are no S.A., 64.
2). Cape Times, 3 Nov. 1924.
3). V.d. Merwe: Die Trekboer, 176.

sal prakties voorberei vir die stryd om te bestaan." [1] Die kerk het hom beywer vir elke voorwaartse beweging in die onderwys; so was dit ook met beroeps- en vakonderwys. "Byna iedere vooruitstrewende maatreël i.v.m. die staatstelsel (wat sekulair is) het sy ontstaan daaraan te danke dat die kerk onvermoeid daarop aangedring het." [2]

Met die kerk se eie medewerking het die onderwys dus meer sekulêr geword, want dit was nodig. Maar soos so dikwels die geval is wanneer 'n nuwe rigting ingeslaan word, is die gulde middelweg hier byster geraak. Waar godsdiens eers in ons skole hoofsaak was, het dit allengs bysaak geword. "Die skool toon die neiging om pragmaties te word, en sy resultate te bereken in terme van die vermoë om te voldoen aan die eise van die moderne geïndustrialiseerde lewe." [3] Die skool is gemodeniseer ook waar "modern" staan vir verwaterde godsdiens.

In 1841 is godsdiensonderwys van owerheidswee "vry" gemaak. Dit het vir alle leerlinge opsioneel geword om gedurende godsdienslesure die klas te verlaat. Alle dogmatiese godsdiensonderwys is belet, m.a.w. die direkte band tussen enige besondere kerk en die skool is verbreek. [4] Juis toe die kerklike toesig die nodigste geword het vanweë die groot industriële en maatskaplike omwenteling, wat die Afrikaner se godsdiens tot sy fondamente sou skud; juis toe skool en kerk hul kragte meer as ooit tevore moes saamgesnoer het teen die regressiewe invloed op die sedelikheid wat 'n industriële rewolusie noodwendig meebring, juis toe word die godsdienstige onderwys hierdie knou toegedien. Die smeekstem om meer en "beter" onderwys is nog altyd daar, maar die motief daarvan het verander! Vroeër was dit: "Zend tog een onderwyzer voor de arme jeugd. God zal hun zielen van ons eischen, indien wy hen in de diepe onkunde doen voortleven." [5] Vandag is ware godsdiens óm die godsdiens 'n bysaak in die meeste van ons skole en word miskien presieser beskryf met die Engelse woord "sideline"

1). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 180.
2). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 51 et seq.
3). Nepgen: Die Sosiale Gewete, 180
4). Sien p. 104 hierbo.
5). Malherbe: Onderwys en die Armblanke, 53.

Die staat staan neutraal teenoor die verskillende kerke en dis goed; maar hy staan ook neutraal teenoor die godsdiens en dis sleg. Die gevolg is dat daar van owerheidsweë geen voorsiening gemaak word dat slegs Christelike studente vir onderwysers opgelei word nie. Hul word veral op grond van skolastiese prestasie toegelaat. Goeie gedrag kom in aanmerking, maar sy geloof as sodanig, (d.w.s. as hy 'n geloof het), is nie 'n faktor nie.

Vandag is die toestand van onderwys sodanig dat Bavinck se kritiek op die Nederlandse toestand van vyftig jaar gelede, ook op ons van toepassing geword het: "Daarom moet er dan ook eene radikale hervorming komen. Er is een zondvloed nodig, die over heelonze opvoeding en paedagogiek zich uitbreidt. Er moet een kruistocht gepredikt worden tot behoud van het kind". [1]

Tot dusver het ons die ontwikkeling van die verhouding kerk-skool gevolg tot waar ons die stadium bereik het waar ons die bestaande stelsel moet kritiseer in die lig van die besondere behoeftes van die Afrikanervolk en iets beter aan die hand probeer doen.

## 4. <u>OP SOEK NA 'N ONDERWYSSTELSEL VIR S.A.</u>

Moet die onderwys van 'n volk die beste wat hy in die verlede bereik het, gebruik as stof en opstel as ideaal? of moet dit slegs aanpas by die volksetos van die tyd om dit te probeer handhaaf? of moet dit radikaal-skeppend, leidend, soms rewolusionêr wees? Moet dit by die volksaard aangepas word? of moet die volksaard, in sover hy soms heel gebrekkig is, deur die onderwysstelsel probeer verhef word? En in sover die onderwys vandag 'n middel is wat die mens in staat stel om sy brood te verdien, moet dit aanpas by die bestaande industriële en ekonomiese stelsels, of moet dit die tye vooruitloop in die rigting waarin die veranderinge beweeg? [2] Moet dit 'n "geestelike verloskunde" [3] wees, of slegs die mededeling van feite?

Ons gaan hierdie vrae nie probeer beantwoord nie. Ons doel is slegs om die hoogte, breedte en diepte van die

1). Bavinck: Paedagogische Beginselen, 41.
2). Rombouts: Leerboek der Historische Pedagogiek, 1. et seq.
3). Gerdener, Smuts en Meiring: Godsdiensonderwys vir Middelbare Skole, 439.

onderwysprobleem aan te dui. Ons wil in die lig van die hede en die verlede veral die Christelike en die nasionale in die onderwys soek. Wat is in S.A. of die buiteland wat ons kan invoer wat beter is as Christelik-nasionale onderwys? d.w.s. dit wat ons eie is?

Ons het die verhouding kerk-skool deur die eeue gevolg totdat ons by die huidige toestand aangeland het - en ons is daarmee ontevrede. Laat ons nou eers ons eie behoeftes toets aan wat die buitewêreld aanbied. Maar dan moet ons die buitelandse toestande met dié voorbehoud bestudeer: Wat goed is vir Duitsland of Rusland is nie noodwendig vir Suid-Afrika goed nie. 'n Klein jong volkie laat hom maklik deur buitelandse strominge beïnvloed. Veral op opvoedkundige gebied moet 'n mens uiters versigtig wees wat jy invoer. Steeds moet 'n mens jou afvra: Klop dit met 'n gesonde, nasionale lewensfilosofie en volksaard?

Wat was daar in die vooroorlogse Duitse onderwysstelsel wat ons kan invoer? Die Duitse jeug is met geesdriftige opofferende vaderlandsliefde besiel. Hierdie nasionalisme is in kuns en arbeid en diensvaardigheid aan Führer, volk en vaderland uitgelewe. Hierdie praktiese patriotisme het 'n hoogtepunt bereik wat onbekend is in die geskiedenis van so'n groot volk.

Hierdie geïnspireerde opvoedingstelsel het die dissipline van binne bewerkstellig, wat die individu in staat stel om die strengste militaristiese dissipline van buite te verdra.

Hierdie onderwysstelsel het sy oorsprong gehad in die geskiedenis van die Duitse volk. Die Duitse militarisme het sy oorsprong in wat professor Walter Schubart die "oerangs" noem.[1] Omring deur vyandige magte sweef die Duitsers oor 'n afgrond: hulle magspolitiek is uit vrees gebore. Sy volkskarakter is sterk deur hierdie oer. vrees beïnvloed.

Hierdie onderwysstelsel was propagandisties - dit kon nie anders gewees het nie. Dit het nasionalisme gepropageer en dit as sodanig is nie sleg nie. Die vraag is hoé het hulle dit gepropageer? Watter plek het die

1). Schubart: De Komende Europeesche Mensch, 184

staat, die enkeling, God, in die onderwysstelsel ingeneem? [1)]

Die verhouding Boer-Brit is ook op vrees gebaseer,[2)] vrees om onder die oormag van geld en invloed en getalle die eie identiteit te verloor. (hieroor elders meer) Maar ons vrees is meer na binne as na buite gekeer: Militarisme kan ons probleem nie oplos nie.

Behalwe om sy eie intrinsieke waarde is nasionalisme in Suid-Afrika ewe onontbeerlik as in Duitsland, maar die motief is verskillend: hier te lande woon 'n talryke en belangrike seksie van die bevolking wat 'n verdeelde nasionalisme huldig, mense wat nie maklik 'n nuwe vaderland aanneem nie en wat tot nuwe burgerskap opgevoed moet word.[3)]

Die Duitse vereistes verskil van die Afrikaanse wat betref oorsaak sowel as doel, hou nie rekening met die godsdiensfaktor nie en is heeltemal vreemd aan die Afrikaanse volkskarakter.

Die Engelse onderwysstelsel is grotendeels gebaseer op die opvoedkundige beginsels van T. Percy Nunn.[4)] Hier het ons 'n verheerliking van die indiwidualiteit en die persoonlikheid. Die menslike persoonlikheid is die eerste bate op aarde en die medium waardeur alles wat groots en goed is in die lewe tot stand kom. Die opvoeding van die kind moet hierdie persoonlikheid in die geleentheid stel om homself te ontplooi, want wat die kind van die omgewing ontvang, verwerk hy selfstandig, outonoom. Die kind se skeppende indiwidualiteit moet deur vryheid tot selfstandigheid beweeg. Hy moet nie 'n massaproduk word deur met die massas gelykgestryk te word nie, want dis juis die indiwidualiteit, dit in die persoonlikheid wat anders en eie is, wat beskerm moet word. Die kind moet vrygelaat word om te ontwikkel in die rigting waarvoor hy lus het en waarheen sy aangebore neigings hom stuur. Sodoende sal die hele mens ontwikkel sonder dat 'n bederwe onderwysstelsel hom in 'n kwellende misvormende groef sal

1). Jonker: Nasionaal-Sosialisme as Godsdiens, 1 et seq, 44 et seq.
2). Galpin: There are no South Africans, 13; Coming of Age, 67; Millin: The Peoples of South Africa, 187.
3). Galpin: There are no South Africans, 12 et seq.
4). Education, its Data and First Principles.

pers; die groef van eensydige verstandsontwikkeling.

'n Onderwysstelsel wat soveel klem op die <u>self</u> van self-handhawing, selfstandigheid, self-ontwikkeling en self-verheerliking laat val, stuur af op die idee van selfgenoegsaamheid. Die mens oor die algemeen, dink reeds veels te veel van homself. Hy is geneig om te vergeet dat hy maar die skepsel is en nie die Skepper nie en wil homself verhef tot selfverheerlikte outonome wese. Wat die kind nie verstaan of kan bewys nie, moet hy nie op gesag van andere aanneem nie.

Hierdie stelsel pas by die Britse volkskarakter. Dit sluit aan by die vorming van die Engelse aristokratiese "Gentlemantipe". [1] "De opvoeding is erop gericht een beproefd type voort te planten, nl. dat van gentleman." Dit is oorbodig om te bewys dat hierdie stelsel lynreg teenoor die Calvinisme staan. Vir die Afrikanervolk word dit wat oorgebly het van sy eertydse eenvoud, opregtheid, nederigheid en godsdienssin nog as 'n deug beskou. Gehoorsaamheid is soms beter as leierskap. En dan is dit nog nooit bewys dat die Nunn-stelsel meer of groter Kunstenaars en leiers oplewer nie. Staan Rusland bv. agter by Engeland in hierdie opsigte?

Die Amerikaanse onderwysstelsel is grotendeels gebasseer op die pedagogiese leerstellings van John Dewey, die pragmatis. By hom word die kind as sosiale wese, as 't ware beskou as uit die gemeenskap, van die gemeenskap en tot die gemeenskap. Die opvoeding is 'n praktiese aanpassingsproses by die gemeenskap, op die sielkundige basis van die kind se sosiale instinkte. Sosiale bruikbaarheid word verkry deur (a) beroepsopleiding, (b) ontwikkeling van burgerlike nuttigheid en (c) die sosialisasie van die gees. By Dewey is daar geen sweem van Christelike idealisme nie. Die opvoeding en die lewe is vir hom slegs 'n ewolusiegang van die ondervinding: "The idea of education advanced in these chaters is formally summed up in the idea of continuous reconstruction of experience." [2]

"Die metode van die filosofie, van die ondersoek van die lewensvraagstukke is vir hom die weg van die lewanservaring en proefneming. Vir hom is daar in die menslike lewe geen einddoel nie, geen vastigheid nie, daar is alleen

1). Schubart: De komende Europeesch Mensch, 215, 217.
- Sien Hs 11, para 2: Die Volksaard van die Boer en die Brit.

2). Dewey: Democracy and Education, 93.

steeds naderkomende doeleindes, steeds beweging en verandering, steeds 'n rekonstruksie van die ervaring deur die ervaring, is die hoofdoel van die lewe, " the everenduring process of perfecting, maturing and refining." 1)

Hierdie Deweyaanse lewensopvatting en opvoedkundige teorie is weer 'n uitvloeisel van die Amerikaanse lewe en volksaard: hul is materialisties en dink in terme van geld en goed, handel en nywerheid. In die dolle vaart van hul lewensgang strewe hulle doeleindes na wat na buite gerig is, weg van die siel van die mens met sy vermoë tot aangryping van die skone, die goeie en die ware.

Hierdie Amerikaanse onderwysstelsel as 'n aanpassing by wat geensins volmaak is nie, is nie vir die Afrikaner bedoel nie. Ons volk kan God en sy gebod nie buite berekening laat nie. Ons het ons idealisme nog nie verloor nie.

Wat Suid-Afrika benodig, is nie wat Schubart die verniste "gentlemantipe" noem nie, 2) want die volksdeugde van eenvoud en opregtheid is oneindig belangriker as die glans van die politoer. Die Pruisiese masjinale militarisme is hier vreemd, koud en onnodig. Die materialisme het nog altyd die hoogste, wat in die mens is om te word, gedemp en dus is die Amerikaanse stelsel vir ons ewe ongesond. Ons wil nie leiding in Rusland gaan soek nie: soos 'n silwerkoord loop deur die geskiedenis van ons volk die leiding van God en in ons onderwys, die invloed van die godsdiens. 3) Buitendien is propagandistiese onderwys in die totalitariese staat baie bederflik waar dit inbreuk doen op die sedelike terrein. Deur die begeerte om 'n burger van 'n sekere tipe te vorm om die staatsdoel te verwesenlik, word die bronaar van die persoonlikheid roekeloos vernietig. 4) Die materialistiese standpunt dat die onderwys gespesialiseerde arbeiders moet voortbring, maak van die Russiese skool 'n gespesialiseerde arbeidersfabriek. 5)

Hierdie opsomming is uiters onvolledig en beknop, maar dis genoeg om aan te dui:

1). Coetzee: Die Moderne Opvoeding, 20.
2). Sien ook: English Essays of Today: Lord Ponsonby, 144, 145.
3). Coetzee: Vraagstukke, 31. et seg.
4). Clarke: Essays on the politics of Education, 35, 37.
5). Ibid, 48 et seg; Blamires: Repair the Ruins, Hs 111, 48. et seg.

1. dat 'n nasionale onderwysstelsel altyd 'n geskiedkundige grondslag het, d.w.s. hy groei uit die verlede,

11. dat alle stelsels van onderwys in sekere mate propagandisties is,

111. dat groot politieke en maatskaplike omwentelings die onderwys nie alleen beïnvloed nie, maar dat die onderwys ook noodwendig 'n middel moet word om die volk daartoe op te voed,

1V. dat waar die opvoeding idealisties-propagandisties is, (voor-oorlogse Duitsland), dit moontlik is om sosiale en nasionale wondere te verrig.

V. dat daar 'n noue verband bestaan, of behoort te bestaan, tussen volksaard en die opvoedingstelsel.

Vl. dat die moderne onderwys in hoofsaaklik twee ekstremistiese strominge verdeel het: die indiwidu word ter wille van die gemeenskap opgeoffer, of anders word die gemeenskaplike geestelike belange ter wille van die enkeling verwaarloos,

Vll. dat elke land sy unieke nasionale probleme het wat in wedersydse inwerking met die opvoedingstelsel staan.

Om terug te keer tot ons uitgangsvrae: of die opvoeding nou sy uitgangspunt, stof en einddoel in die verlede, in hede of die toekoms soek, een feit staan was: die godsdiens was die skoonste nasionale volksbesit van ons verlede en dis die verhewendste ideaal van ons toekoms. Laat ons nou die nasionale waarde van Christelike opvoeding aan elkeen van bogenoemde gevolgtrekkinge toets:

1. As 'n nasionale opvoedingstelsel dan in die verlede gewortel is in sover dit bou op wat goed is daarin, dan moet ons noodwendig aan die godsdiens 'n ereplek in ons skole toeken.

11. As alle opvoedingstelsels in sekere mate propagandisties is, sien ons geen hoër Wese om te propageer nie as Christus.

111. Ook in Suid-Afrika gaan daar baie stemme op dat ons groot Christelik-sosiale omwentelings nodig het. Wanneer ons 'n nasionale omwenteling beoog dan is die eerste stap tot bestendiging daarvan, die opvoeding, en as die opvoeding Christelik is, kom daar ook veiligheid

en verhewendheid by.

IV. Wanneer die opvoeding die etos van die tyd vooruitloop, is ons nogeens op veilige terrein as Gods Woord 'n lamp vir ons voet is.

V. As daar dan 'n noue verband bestaan tussen volksaard en -opvoeding, dan moet ons onderwysstelsel godsdienstig georiënteer wees, want ons volk is nog, trots die huidige ontaardings-invloede, godsdienstig. Waar die volkskarakter reeds ten kwade beïnvloed is, en in menige opsig veel te wense oorlaat, moet die onderwysstelsel bereken wees om op te hef. Die Christelik-nasionale kan hom nie by wat bedorwe is aanpas nie.

VI. Die Christelike godsdiens ( en onderwys) slaan die gulde middelweg in tussen die twee uiterstes van die verheerliking enersyds van die indiwidu en andersyds van die gemeenskap. Christus het geleer dat die mens die kind van God kan wees en 'n weinig minder as die engele. Hy het 'n onsterflike siel wat meer werd is as die skatte van die hele wêreld. Maar hoe anders as Nunn se opgeblase indiwidu is hierdie "kneg" van God! Die staatsgemeenskap het nog geen ander rigsnoer tot blywende harmoniese eenheid nie, as die Christelike leer van: ek is my broer se wagter omdat ek hom lief het. So word die uiterstes van Dewey en Nunn in die Christelike versoen.

VII. Die dringende rasseprobleme in hierdie land kan nie deur 'n groepie intelligentsia opgelos word nie. Ekonomiese probleme kan soms wel, maar sosiale probleme kan alleen met die samewerking van die volk opgelos word. M.a.w. die volk moet daartoe opgevoed word en die veiligste koers in enige krisis is die godsdienstige.

In die godsdienstige opvoeding reik die skatte van ons volksverlede en die ideaal van die toekoms mekaar die hand oor die goeie stryd van die hede.